

Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.

Skriflesing : Lukas 24 : 13-35

Tema : Wat is jou Emmaus pad? En wie loop saam?

BROODJIES VIR DIE PAD

Ek herhaal die mooiste aanhaling ooit oor die Pad na Emmaus:

"I believe that whether we recognize him or not, or believe in him or not, or even know his name, again and again he comes and walks a little way with us along whatever road we're following. And I believe that through something that happens to us, or something we see, or somebody we know--who can ever guess how or when or where?--he offers us, the way he did at Emmaus, the bread of life, offers us new hope, a new vision of light that not even the dark world can overcome."

— Frederick Buechner, *Secrets in the Dark: A Life in Sermons*

"We need people in our lives with whom we can be as open as possible. To have real conversations with people may seem like such a simple, obvious suggestion, but it involves courage and risk."

— Thomas Moore, *Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life*

"Much unhappiness has come into the world because of bewilderment and things left unsaid."

— Fyodor Dostoevsky

"Live the full life of the mind, exhilarated by new ideas, intoxicated by the Romance of the unusual."

— Ernest Hemingway

"One truth, then, is that Christ is always being remade in the image of man, which means that his reality is always being deformed to fit human needs, or what humans perceive to be their needs. A deeper truth, though, one that scripture suggests when it speaks of the eternal Word being made specific flesh, is that there is no permutation of humanity in which Christ is not present. If every Bible is lost, if every church crumbles to dust, if the last believer in the last prayer opens her eyes and lets it all finally go, Christ will

appear on this earth as calmly and casually as he appeared to the disciples walking to Emmaus after his death, who did not recognize this man to whom they had pledged their very lives; this man whom they had seen beaten, crucified, abandoned by God; this man who, after walking the dusty road with them, after sharing an ordinary meal and discussing the scriptures, had to vanish once more in order to make them see."
— Christian Wiman, *My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer*

Ek en jy

*\Vertel my van jouself ...
Sê my wie jy werklik is*

*Vertel my van jou verlange ...
Wys my waar jou gedagtes rus.*

*Vertel my van jou hartseer ...
Sê my waarom jou siel nooit rus.*

*Vertel my van jou kinderdrome ...
Neem my na jou hartkamers van geluk.*

*Vertel my waarom Ek en Jy nie dieselfde is.
-Delia Rossouw-*

"Every resurrection story seems to strongly affirm an ambiguous—yet certain—presence in very ordinary settings, like walking on the road to Emmaus with a stranger, roasting fish on the beach, or what appeared like a gardener to the Magdalene"

— Richard Rohr, *The Universal Christ: How a Forgotten Reality Can Change Everything We See, Hope For and Believe*

"There's a kind of Ah-ha! Somebody at least for a moment feels about something or sees something the way that I do. It doesn't happen all the time. It's these brief flashes or flames, but I get that sometimes. I feel unalone—intellectually, emotionally, spiritually. I feel human and unalone and that I'm in a deep, significant conversation with another consciousness in fiction and poetry in a way that I don't with other art."

— David Foster Wallace

"Getting old is the second-biggest surprise of my life, but the first, by a mile, is our unceasing need for deep attachment and intimate love. We oldies yearn daily

and hourly for conversation and a renewed domesticity, for company at the movies or while visiting a museum, for someone close by in the car when coming home at night.”

— Roger Angell

Dana Snyman: Só worstel ons deur 5 rou-fases oor 'n land :

Ons is 'n nasie in rou, sê Izak du Plessis nou die aand vir my. Ons staan by 'n oop graf en in die graf lê ons land, Suid-Afrika. Dit is waar baie van ons in ons koppe is. Ons ervaar erge verlies.

Was dit Elisabeth Kübler-Ross, Switsers-Amerikaanse psigiater, wat die vyf stadiums van rou geïdentifiseer-het? Ontkenning. Woede. Bedinging. Depressie.

Aanvaarding.

'n Mens wonder of daar steeds mense is wat ontken dat ons land ernstige probleme het. Die misdaad, Eskom, Transnet . . . Dalk is die korruptes in 'n staat van ontkenning en buit dit op 'n siniese manier uit. Of die selfsugtige geldwolwe wat geïmmigreer het na woonbuurte agter hoë mure. En oudpres. Jacob Zuma, wat sy verhoor in die hof op allerhande regstegniese maniere probeer sistap. Narciste leef pal in 'n staat van Louis Liebenberg-agtige ontkenning.

Woede. Is dit dalk die stadium waarin die meeste van ons op die oomblik is oor wat daaglik in die land gebeur? Jy hoef maar net op Facebook, Twitter en by Netwerk24 se kommentare te gaan lees wat mense skryf. Party is so die bliksem in, hulle wil nie hul eie name gebruik nie. Hulle leef hul woede onder skuil-name uit. Asof hulle skaam oor hul eie woede is.

Het dit nie dalk ook iets met ontkenning te doen nie? Elke keer wanneer ek een van die Gupta-broers se gesigte in die koerant of oor die TV sien, is ek kwaad, sê ek lelike dinge oor hulle, en vra dadelik onopreg vir die Here verskoning dat ek sukkel om my Gupta-naaste lief te hê. Die gesette Gupta-boetie lyk vir my soos 'n karakter uit George Orwell se *Animal Farm*.

Bedinging. Ons sê vir onself in volgende jaar se verkiesing gaan die ANC minder as 50% van die stemme kry. Dan kan die ander politieke partye onderlinge koalisie-ooreenkomste beding. Dan, hopelik, sal die land beter regeer word. Is dit nie een van die redes hoekom ons dikwels vir mekaar sê hoe teleurgesteld ons in pres. Cyril Ramaphosa is nie? In die bedingingsproses in ons gemoed het ons vir onself gesê hy gaan die land regruk en sorg dat die korruptes en onbevoegdes vasevat word.

Depressie. “Hello darkness, my old friend . . .” Ek kom agter hoe die slegte situasie in die land my lewe op die intiemste maniere binnedring. Benewens dat ek knaend- bang is vir 'n motor-kaping of 'n inbreker in die nag langs my bed, ontaard baie van my gesprekke met ander mense in 'n gekla oor die regering, die korruptes en die ander hoopdiewe. Ons praat nie meer oor die weer as ons 'n bekende vlugtig raakloop nie, ons praat oor die land: Het jy gesien 'n verpleegster is gister in 'n ambulans verkrag?

Aanvaarding. Die laaste fase. Dit is nie maklik om daar uit te kom nie. Dit behoort nie, dink ek, 'n aanvaarding te wees dat Gods water maar oor Gods akker moet loop nie. Dit moet die aanvaarding wees, gesuiwer deur jou woede en depressie, om jou situasie, die land beter te wil maak.

Om dit wat verby is te begrawe, en die lewe nuut aan te pak.

BROOD VIR DIE PAD

Geestelike Waardes: Paasboodskap is nie dat daar geen haas bestaan nie RRV

Op die vraag van 'n ouer waaroor die dominee by die kinderdien gepreek het, is die seuntjie se antwoord bondig: “Daar is geen Paashaas nie.”

Met nadere ondersoek het geblyk dat die predikant iets anders met sy boodskap wou oordra. Hy het aangesluit by die Britse skrywer C.S. Lewis se *The Screwtape Letters*, 'n reeks satiriese briewe van 'n senior duiwel (*Screwtape*) aan sy broerskind en junior duiwel (*Wormwood*) oor hoe om “goed” te wees in jou werk as versoeker.

Die predikant se fokus was op 'n gedeelte uit Lewis se fiksiewerk wat die punt maak dat die beste strategie om mense se aandag van die boodskap van die evangelie weg te lei nie is om hulle te oortuig dat daar nie 'n hemel of 'n hel is nie. Dit is doeltreffender om mense te oortuig dat daar geen haas is nie.

Ons kan glimlag oor die seuntjie se gedagtesprong van die frase “dat daar geen haas is nie” na die bestaan van die Paashaas. Tog is dit goed om te onthou dat die Christelike boodskap oor Paasfees juis die teenoorgestelde wil sê as dat daar geen haas is nie.

Trouens, die Bybelse verhale oor die opstanding word gekenmerk deur haas, energie en beweging.

Dié klem is ook deur pous Franciskus vanjaar in sy Paasboodskap belig. Daarin noem hy dat die evangelies praat van die haas waarmee die vroue op Paasmôre gehardloop het om die dissipels van die leë graf te vertel (Matteus 28:8).

En in Johannes 20 lees ons dat Maria Magdalena na Petrus en Johannes gehardloop het (vers 2), terwyl hierdie twee dissipels weer op hul beurt saam gehardloop het na die graf (vers 4). Laasgenoemde word wonderlik verbeeld in Eugène Burnand se skildery Die dissipels Petrus en Johannes hardloop na die graf op die oggend van die opstanding (in die Musée d'Orsay in Parys te sien). Die pous verwys ook in sy boodskap na die twee reisigers op pad na Emmaus wat ná hul ontmoeting met die opgestane Christus dadelik opgestaan en na Jerusalem gegaan het (Lukas 24:33), met vreugde wat in hul harte gebrand het.

Daarom is pous Franciskus se boodskap dan ook dat ons lewe deur die regte soort haas gekenmerk sal word: “Mag ons ook ons haas om vordering te maak op ’n reis van wedersydse vertrouwe . . . Laat ons gou ons botsings en verdeeldhede oorkom en medelye toon met diegene wat in die grootste nood verkeer . . .

Laat ons vandag die dryfkrag bymekaarskraap om in deugdelikheid nader aan God te kom, wat nooit teleurstel nie.” – RRV

wynandqnel@outlook.com 082 901 5877